Jim van Tonderskool

FONDSINSAMELINGSNR.: 02 200587 000 0

Tel.: 017 647 2606
017 647 5987
Webblad/Webpage: jimvantonder.co.za
E-pos/E-mail: info@jimvantonder.co.za

Alle korrespondensie moet gerig word aan:
All correspondence must be addressed to:

DIE HOOF / THE PRINCIPAL
Jim van Tonderskool
Privaatsak/Private Bag X1007
BETHAL, 2310

07.06.2024
04 van 2024

Geagte Ouers / Voogde

Graag wil ons die volgende onder u aandag bring:

1. SKOOL

1.1 BELANGRIKE DATUMS

10 Junie	Rugby: Noordvaal Bondedag te WH de Klerk
11 Junie	Puma rugby oefening te Jim van Tonder
13 Junie	Colour run
14 Junie	*Skool sluit*
14-19 Junie	Puma rugby Cravenweek (Luiperds)
08 Julie	Koshuis open 14:00
09 Julie	*Skool open*
12 Julie	Ouerdag: Loopbaandag Jaar 4-leerders 08:30-12:30
12 Julie	Rapporte uit
18 Julie	Krieket: o/16 vs Vaalrivier (weg)
22 Julie	Landloop: weg
24 Julie	Sokker: vs. Platorand (tuis). Dogters o/19 en Seuns o/14 - o/19
25 Julie	Krieket: vs. Platorand o/19 (weg) en o/16 (tuis)
24 Augustus	**Oppibult PlaasJuppie Fees. Stalletjie besprekings: 082 572 6062/079 490 4707**

1.2 SUPER KIDS

Die volgende leerders is as Super Kids vir Kwartaal 2 gekies. Baie geluk.

Kategorie 1: O1 Leerders	Lindani Colin Ngwenya	02A
Kategorie 2: O2 Leerders	Alwande Dancan Mbingo	04A
Kategorie 3: Jaar 1 Leerders	Aceton Ashley Broodryk	05A
Kategorie 4: Jaar 2 Leerders	Baby Silindokuhle Keegan	09B
Kategorie 5: Jaar 3 Leerders	Lukas Martinus Pieters	12A
Kategorie 6: Jaar 4 Leerders	Dimakatso Mokomele	12B
Kategorie 7: VLR-Lid	Nhlanhla Linda Mbatha	16A
Kategorie 8: Koshuis Dogter	Unathi Nomusa Thwala	14A
Kategorie 9: Koshuis Seun	Cayden Gagiano	12B

1.3 SKOOLREKENINGE

U kind het vandag 'n skoolrekening ontvang. Gaan dit asb noukeurig deur. Ons wil 'n vriendelike, dog dringende versoek rig dat u asb op datum moet bly met die betalings van skoolgelde. Name van ouers, wat agterstallige rekeninge het, sal aan Prinsloo Prokureurs oorhandig word vir skuldinvordering.

Graag wil ons dié ouers wat gereeld betaal en op datum is, bedank. Ons opregte waardering daarvoor.

1.4 SIEKNOTAS

Indien u kind siek is en nie skool bywoon nie, moet u asb 'n sieknota op dieselfde dag deurstuur na die skool per epos by info@jimvantonder.co.za. Neem asb kennis dat indien daar assesserings, toetse of eksamens geskryf word op die betrokke dag, en die skool nie 'n sieknota ontvang nie, 'n 0-punt toegeken sal word.

Donasies aan: JIM VAN TONDERSKOOL OPVOEDKUNDIGE FONDS aftrekbaar van inkomstebelasting vlg. Artikel 18a van die Inkomstebelastingwet.

2 KOSHUIS

2.1 WARM KLERE EN KOMBERSE

Die seisoen is besig om te draai en dit begin baie koud word in die aande. Sien asseblief toe dat u kind voldoende warm klere en beddegoed na die naweek saambring koshuis toe. Merk u kind se eiendom duidelik sodat dit maklik uitgeken kan word.

2.2 HANTERING VAN PROBLEME

Neem asb kennis van die volgende verandering: Mnr. Sibanda hanteer nou die daaglikse dissiplinêre probleme. Indien daar ernstige sake is, sal dit met Mnr Bornman bespreek word sodat hy dit kan hanteer.

Indien u kind enige probleme by die koshuis ondervind, moet dit dadelik gerapporteer word, sodat ons dit onmiddellik kan hanteer. Hoe gouer u kind 'n probleem rapporteer, hoe gouer kan dit opgelos word. Daar is elke dag 2 mans en 1 dame aan diens by die koshuis by wie probleme aangemeld kan word.

2.3 ROOK

DA Müllerkoshuis is 'n rookvrye area. "Vape" raak 'n baie groot en ernstige probleem in die koshuis. Baie leerders beweer dat hulle ouers hulle voorsien van die "vapes". Dit is 'n oortreding van die Rookwet en dus sal daar baie ernstig teenoor die leerders opgetree word. Kan u as ouers ons asb ondersteun in die saak.

2.4 SIEK LEERLINGE

Dit gebeur al hoe meer dat siek kinders op 'n Sondag en Maandag by die koshuis arriveer. **Moet asb. onder geen omstandighede u kind koshuis toe stuur op 'n Sondag indien hy/sy siek is nie. Ons gaan van u verwag om u siek kind te kom haal.**

2.5 MEDIKASIE

Geen medikasie mag by die leerlinge in hulle kaste gehou word nie. Dit moet by die siekekamer ingehandig word.

Merk asseblief die medikasie duidelik. Dui ook op die houer aan hoe dit geneem moet word, indien dit nie daarop aangedui is nie. U moet ook aandui waarvoor dit geneem moet word. Dankie vir u samewerking.

2.6 KOSHUISGELDE

Koshuisgelde is vooruitbetaalbaar en moet voor die 7de van elke maand betaal wees. Leerders wie se koshuisrekening agterstallig is, sal nie in die koshuis toegelaat word voordat die rekening op datum betaal is nie. Neem asb kennis dat alle rekeninge tot einde Junie 2024 op datum betaal moet wees om toegang tot die koshuis te kry op 8 Julie 2024.

2.7 BELANGRIKE KOSHUIS KONTAK BESONDERHEDE

Skool	-	017 6475987 017 4220322
Koshuis e-pos	-	damullerhostel@jimvantonder.co.za
Koshuisvader	-	Mnr Bornman 082 337 1645 **(SLEGS IN NOODGEVALLE)**
Dissipline	-	Mnr. Sibanda 083 418 5579

Alle skool- en koshuisnavrae gedurende skoolure.

2.9 BELANGRIKE DATUMS

14 Junie	Skool sluit. Koshuis sluit om 17:00.
08 Julie	Koshuis open 14:00.
09 Julie	Skool open.

Die uwe,

MEV M KRÜGER
HOOF

SW/Tikster/Briewe/Omsendskrywes